



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GESKIEDENIS V1

2015

ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

VRAAG 1: HOE HET DIE WESTERSE MOONDEDE EN DIE SOWJETUNIE NA 1945 OP DIE POLITIEKE ONTWIKKELINGE IN EUROPA GEREAGEER?**BRON 1A**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat Winston Churchill, Eerste Minister van Brittanje, op 5 Maart 1946 in Fulton, Missouri, in Amerika gelewer het. Dit was 'n oproep tot 'n sterker vennootskap tussen Brittanje en die Verenigde State van Amerika om Sowjet-uitbreiding in Oos-Europa te voorkom.

Van Stettin aan die Oossee tot Triëst aan die Adriatiese See het 'n ystergordyn oor die vasteland neergedaal. Agter die lyn lê al die hoofstede van die antieke state van Sentraal- en Oos-Europa. Warskou, Berlyn, Praag, Wene, Boedapest, Belgrado, Boekarest en Sofia: al hierdie beroemde stede en die bevolkings daar rondom lê in die Sowjet-sfeer en, in een of ander vorm, word almal nie net aan Sowjet-invloed onderwerp nie, maar ook aan 'n baie hoë en toenemende mate van beheer uit Moskou. Slegs Athene, met hulle onsterflike roem, is vry om oor hulle eie toekoms te besluit in 'n verkiesing waargeneem deur Brittanje, Amerika en Frankryk ...

Ek verwerp die idee dat 'n nuwe oorlog onafwendbaar is nog meer as dat dit dreig om plaas te vind. Dis omdat ek so seker is dat ons ons lot in eie hande het en dat ons die mag het om die toekoms te red, dat ek verplig voel om dit te sê terwyl ek die geleentheid het. Ek glo nie Sowjet-Rusland wil 'n oorlog hê nie. Wat hulle begeer, is die vrugte van oorlog en die onbepaalde uitbreiding van hulle mag en leerstellings ...

Uit wat ek van ons Russiese vriende en hulle bondgenote tydens die oorlog gesien het, is ek oortuig dat hulle niks meer as mag bewonder nie, en dat daar niks is waarvoor hulle minder respek het as militêre swakheid nie ... Indien die Westerse demokrasieë saamstaan en by die beginsels van die Handves van die Verenigde Nasies bly, sal hulle enorme invloed hê om hierdie beginsels te bevorder en na alle waarskynlikheid sal niemand hulle hinder nie. As hulle egter verdeeld sou raak of hulle plig sou versuim, en indien hierdie allerbelangrike jare toegelaat sou word om net weg te glip, dan sal 'n katastrofe (ramp) hulle inderdaad oorweldig.

[Uit *The Origins of the Cold War* deur M McCauley]

BRON 1B

Die uittreksel hieronder is uit 'n 'onderhoud' met die Sowjet-leier, Joseph Stalin, geneem waarin hy op Churchill se 'Ystergordyn'-toespraak ('"Iron Curtain" speech') reageer. Hierdie onderhoud is op 14 Maart 1946 in die staatsbeheerde koerant, *Pravda*, gepubliseer. Die Kremlin-(hoofkwartier van die Sowjet-regering)rekords toon dat Stalin die hele onderhoud self geskryf het (insluitend die vrae wat gevra is).

Vraag: Kan mnr. Churchill se toespraak as nadelig vir die saak van vrede en sekuriteit beskou word?

Stalin: Ja, ongetwyfeld. Om die waarheid te sê, mnr. Churchill neem nou die standpunt van die oorlogsoekers (mense wat oorlog skep) in. Mnr. Churchill is nie alleen nie. Hy het nie net vriende in Brittanje nie, maar ook in die Verenigde State van Amerika ...


Die volgende omstandighede moet nie vergeet word nie. Die Duitsers het die USSR deur Finland, Pole, Roemenië, Bulgarye en Hongarye ingeval. Die Duitsers kon die USSR inval omdat regerings wat op daardie tydstip in die lande bestaan het, die Sowjetunie vyandiggesind was.

As gevolg van die Duitse inval het die Sowjetunie 'n totaal van ongeveer sewe miljoen mense onherroeplik (vir altyd) verloor in die gevegte teen Duitsland en ook as gevolg van die Duitse besetting en die deportasie (verbanning) van Sowjet-burgers na Duitse slawerny (kneghskap). Met ander woorde, die Sowjetunie se lewensverlies was verskeie kere groter as dié van Brittanje en die Verenigde State van Amerika saam. In sekere kringe is daar moontlik 'n geneigdheid om van hierdie kolossale (groot) opofferinge van die Sowjet-volk, wat Europa se vryheid van die Hitleriaanse juk (onderdrukking) verseker het, te vergeet. Maar die Sowjetunie kan nie van hulle vergeet nie. So wat verrassend kan wees oor die feit dat die Sowjetunie, angstig om hulle toekomstige veiligheid te verseker, probeer om toe te sien dat regerings wat lojaal in hulle houding teenoor die Sowjetunie is, in hierdie lande moet bestaan? Hoe kan enigiemand, wat nie van sy verstand af is nie, hierdie vreedsame strewe van die Sowjetunie as ekspansionistiese (uitbreidings-) neigings aan die kant van ons staat beskryf?

[Uit *The Origins of the Cold War* deur M McCauley]

BRON 1C

Die visuele bron hieronder is deur die Britse spotprenttekenaar, Ilingworth, geteken. Dit is op 16 Junie 1947 in die *Daily Mail* gepubliseer en toon Stalin se beleid van ekspansionisme in Oos-Europa.



[Uit http://www.cartoons.ac.uk/browse/cartoon_item/anytext=illingworth%20-%20stalin?page=104.
Toegang op 23 September 2014 verkry.]

BRON 1D

Dit is deel van 'n toespraak wat op 12 Maart 1947 deur Harry S Truman voor die Amerikaanse Kongres gelewer is. Dit fokus op die Verenigde State van Amerika se voorneme om ekonomiese en finansiële hulp te verleen aan Europese lande wat dit nodig gehad het.

Een van die primêre doelwitte van die buitelandse beleid van die Verenigde State is die skep van toestande waarin ons en ander nasies 'n lewenswyse sonder dwang (baasspelery) sal kan uitwerk. Dit was 'n fundamentele (basiese) kwessie in die oorlog met Duitsland en Japan. Ons oorwinning was oor lande wat hulle wil, en hulle lewenswyse, op ander nasies wou afdwing.

... Ons sal egter nie ons doelwitte bereik as ons nie bereid is om mense wat vry is te help om hulle vrye instellings en hulle nasionale integriteit teen aggressiewe bewegings, wat totalitêre regimes (regeringstelsels) op hulle wil afdwing, te verdedig nie ...

Totalitêre regimes is onlangs teen hulle sin op die mense van etlike lande van die wêreld afgedwing. Die regering van Amerika protesteer gereeld teen die dwang en intimidasie (druk), in stryd met die Jalta-ooreenkoms, in Pole, Roemenië en Bulgarye. Ek moet ook noem dat daar in etlike ander lande soortgelyke gebeurtenisse plaasgevind het ...

Ek glo dat ons mense wat vry is, moet help om hulle eie lot op hulle eie manier uit te werk.

Ek glo dat ons hulp hoofsaaklik ekonomies en finansiël moet wees wat noodsaaklik vir ekonomiese stabiliteit en ordelike politieke prosesse is ...

Ek sou dit nie aanbeveel het behalwe dat die alternatief baie ernstiger is nie. Amerika het \$341 000 000 000 tot die oorwinning van die Tweede Wêreldoorlog bygedra. Dit is 'n belegging in wêreldvryheid en wêreldvrede ...

Die vry mense van die wêreld maak op ons staat om hulle te help om hulle vryheid te behou. Indien ons leierskap sou wankel, kan ons wêreldvrede in gevaar stel – en ons sal sekerlik die welsyn van die nasie in gevaar stel.

[Uit *Debating the Origins of the Cold War. American and Russian Perspectives* deur R Levering (et al.)]

VRAAG 2: HOE HET BUITELANDSE INGRYPING TUSSEN 1974 EN 1976 KOUE OORLOG-SPANNING IN ANGOLA VERERGER?**BRON 2A**

Hierdie bron verduidelik die redes vir buitelandse betrokkenheid by Angola gedurende die 1970's.

Die nasionalistiese bewegings in Angola is van die begin af deur die supermoondhede ondersteun en hierdie stand van sake het voortgeduur nadat die land onafhanklik geword het. Die Sowjet-blok, Kuba ingesluit, het altyd die MPLA gesteun, terwyl die Westerse blok, veral Amerika, hulle steun aan die FNLA en UNITA gegee het. Die wedywering tussen die twee blokke in Angola was duidelik op ideologiese en strategiese belange gebaseer.

Die voormalige Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, Henry Kissinger, het die Sowjet-blok se ingryping in Angola in die konteks van VSA-USSR-wedywering (mededinging) oor die wêreld heen geplaas en die Kremlin blameer dat hulle die krisis daar beide begin en geëskaleer het. Hy het Amerikaanse inmenging geregverdig op grond daarvan dat die doel daarvan was om die situasie te normaliseer. Gevolglik het die Westerse moondhede onderneem om net soveel hulp aan die FNLA- en UNITA-guerillas te verskaf as dit wat die MPLA by die USSR ontvang het. Die Sowjette en Kubane het weer hulle ondersteuning van Angola en hulle teenwoordigheid in die land geregverdig op grond van die Angolese versoek om beskerming teen imperialistiese aggressie. Sedertdien het ander lande hulleself toegelaat om by die Angolese krisis betrokke te raak, soos China, tot 'n sekere mate, en Suid-Afrika, wat direk by die burgeroorlog aan die kant van UNITA betrokke geraak het onder die voorwendsel dat Namibië teen SWAPO-guerillas, wat vanaf Angolese grondgebied militêre aksies onderneem het, verdedig moes word en om te voorkom dat Marxisme die streek indring ...

... Maar behalwe hierdie ideologiese motiverings hou die uraan- en olieafsettings in Angola verband met die belangstelling wat buitelandse moondhede in daardie land toon. Amerika, wat groot ekonomiese belange in Zaire, Namibië en Suid-Afrika gehad het, het die USSR se poging om 'n rol in Angola te speel as 'n bedreiging van sy ekonomiese belange in die streek beskou. Laastens, op strategiese vlak, is Angola in baie opsigte in 'n baie voordelige posisie. Sy kuslyn en hawens aan die Atlantiese Oseaan is van groot belang vir maritieme (see-)moondhede in beide die NAVO en die Warskou-verdrag groep lande.

[Uit *General History of Africa, Vol. VIII: Africa Since 1935* deur A Mazrui (ed.)]

BRON 2B

Hierdie uittreksel is geneem uit die webtuiste van die Verenigde State van Amerika se Departement van Buitelandse Sake. Dit gee in breë trekke die redes vir die VSA en ander lande se betrokkenheid by Angola in die 1970's.

Die MPLA het ook langgevestigde betrekkinge met Fidel Castro se Kuba gehad. Die MPLA het voor 11 November 1975 met Castro vir Kubaanse hulp onderhandel. Terselfdertyd het UNITA, wat Amerikaanse steun geniet het, die apartheidsregering in Suid-Afrika vir militêre versterking genader. Om rebelle wat vir die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaans-besette Namibië geveg het se gebruik van Angola as 'n basis te beëindig, het die regering in Pretoria magte (troepe) gestuur wat suidelike Angola in Oktober binnegegaan het en vinnig na die hoofstad gevorder het. As antwoord hierop het Castro Kubaanse Spesiale Magte gestuur om die Suid-Afrikaanse aanslag te stuit en daarin geslaag om aandag te vestig op die feit dat Amerika 'n groep ondersteun het wat nou hulp van 'n apartheidsregering aanvaar het.

Die Amerikaanse regering het die Suid-Afrikaanse ingryping aangemoedig, maar verkies om hulle betrekkinge met die apartheidsregering as onbelangrik af te maak. Toe die regering in Pretoria se betrokkenheid egter algemeen bekend geword het, het die Chinese hulle raadgevers uit die streek onttrek en die Ford-administrasie het voor binnelandse (interne) weerstand teen die Amerikaanse rol in die Angolese konflik te staan gekom. President Gerald Ford het Kongresgoedkeuring gevra vir meer geld om die operasie in Angola te befonds. Baie lede van die Kongres was egter versigtig om oorsee betrokke te raak na die stryd in Viëtnam; ander wou die Suid-Afrikaanse konneksie vermy en nog ander het nie geglo dat die kwessie belangrik was nie. Op die ou end het die Kongres die President se versoek vir bykomende fondse verwerp. Suid-Afrika het sy magte in die lente van 1976 onttrek en die MPLA was steeds die amptelike regering van Angola.

[Uit <http://history.state.gov/milestones/1969-1976/angola>.
Toegang op 15 September 2014 verkry.]

BRON 2C

Die uitspraak hieronder is deur die I Wor Kuen ('n Asiaat-Amerikaanse revolusionêre organisasie) namens die Angolese Selfbeskikkingskoalisie ('Coalition for Angolan Self-Determination') gemaak. Die I Wor Kuen is in 1969 in New York gestig en is deur die Chinese rewolusie geïnspireer. Dit het op Sowjet- en Amerikaanse aggressie in Angola gefokus, maar China se rol ondersteun.

Die Volksrepubliek van China het ook die eenheid van die drie vryheidsbewegings ondersteun – hulle het verkondig dat die bestaande verskille tussen hulle net sonder buitelandse inmenging opgelos kon word. China het tot en met die Nakura-ooreenkoms in Junie 1975 dit konkreet geïmplementeer deur hulp aan al drie vryheidsbewegings in hulle regverdigde stryd teen die Portugese te verleen. Met die ooreenkoms geteken om 'n koalisieregering te vorm, het China op daardie tydstip Angola se sake as 'n interne aangeleentheid beskou wat deur die Angolese self bepaal moes word. China het aangedui dat hulle in die vervolgslegs aan 'n koalisieregering hulp sou verleen.

... die Sowjetunie het hulle ware aard ontbloot. Onder hulle sosialistiese dekmantel funksioneer hulle as 'n imperialistiese moondheid. Hulle verrai die ware wense van die Angolese en twis met die Amerikaners om die natuurlike hulpbronne van Angola op te raap en te ontgin, om beheer oor die lot van die Angolese en die res van suidelike Afrika uit te oefen en om 'n militêre teenwoordigheid in die suidelike Atlantiese Oseaan te vestig.


... die ander supermoondheid, Amerika, het ook 'n groot rol in die ondermyning van die Angolese se stryd om onafhanklikheid en selfbeskikking gespeel ... Amerika het probeer om 'n ander vastrapplek in die Angolese situasie te kry deur hulp te stuur, beide openlik en in die geheim deur die Amerikaanse Intelligensiediens ('CIA') en ander maniere, aan magte wat tot burgeroorlog opgesweepte is. Deur die verskille tussen die vryheidsbewegings verder uit te buit en die 'beveg kommunisme'-kreet aan te hef, het Amerika probeer om Angola se stryd om selfbeskikking te ondermyn en om neokolonialistiese beheer oor Angola te verkry. Etlike Amerikaans-gebaseerde multinasionale korporasies, soos Gulf Oil, het groot bedrywighede in Angola en na jare waarin natuurlike hulpbronne ontgin is, soos olie in die noordelike Cabinda-streek, sal hulle dit nie sonder 'n geveg opgee nie.

[Uit <http://www.marxist.org/history/erol/ncm-3/iwk-angola.htm>.

Toegang op 20 September 2014 verkry.]

BRON 2D

Hierdie spotprent deur Bob Connolly is op 27 November 1975 in die *Rand Daily Mail* gepubliseer. Die titel is 'Op die vingers tik' ('Knuckle-rapping') en beeld Henry Kissinger (die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake) uit wat die Russiese hand met 'n 'olyftakkie' slaan.



[Uit *Conflicting Missions – Havana, Washington, Pretoria* deur Piero Gleijeses]

**RUSSIESE GREEP
IN AFRIKA**

VRAAG 3: WATTER UITWERKING HET DIE DESEGREGASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN DIE 1950'S OP RASSEVERHOUDINGE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA GEHAD?**BRON 3A**

Hierdie bron fokus op die uitspraak wat die federale hooggeregshof van die Verenigde State van Amerika in 1954 oor skooldesegregasie gemaak het. Dit lewer kommentaar oor die reaksie van die Suidelike State op hierdie uitspraak.

Die federale hooggeregshof het in 1954 'n deurslaggewende (betekenisvolle) tree gegee: in *Brown v. Board of Education* (Onderwysraad) van Topeka, Kansas. Die hof het 'n wetsbepaling (statuut) van Kansas wat stede met meer as 15 000 mense toegelaat het om aparte skole vir wit en swart mense te hê, ter syde gestel. In plaas daarvan het die hof beslis dat alle segregasie in openbare skole 'inherent ongelyk' is en dat alle swart leerders wat verbied word om openbare skole saam met wit leerders by te woon, gelyke beskerming deur die wet, soos deur die Veertiende Amendement gewaarborg, ontsê word. Die leerstuk is in 1956 na staatsondersteunde kolleges en universiteite uitgebrei (verleng). Die hof het intussen in 1955 sy 1954-opinie ten uitvoer gebring deur te verklaar dat die federale distrikshof jurisdiksie (gesag) oor hofsake sou hê om die desegregasiebesluit toe te pas en versoek dat desegregasie 'met die grootste spoed' voortgaan.

Ten tyde van die 1954-besluit het wette in 17 Suidelike en randstate en Distrik Columbia vereis dat laerskole gesegregeer moes wees.

Die stryd oor desegregasie was nou op die skole-vraag toegespits. Teen die einde van 1957 het nege van die 17 state en Distrik Columbia begin om hulle skoolstelsels te integreer. Nog vyf ander state het teen 1961 'n paar geïntegreerde skole gehad. Die state het meesal hulle toevlug tot tussentydse (tydelike) maatreëls of leerderplasingwette geneem, wat oënskynlik leerders op nierassige grondslag aan skole toegewys het. Geforseerde integrasie het tot baie geweld gelei. Die merkwaardigste geval was Goewerneur Orval Faubus van Arkansas se minagting van federale bevel (lasgewings) in 1957 wat die Arkansas Nasionale Burgermag ingeroep het om integrasie in Little Rock te voorkom. President Eisenhower het gereageer deur federale troepe te stuur om die hofbevel vir integrasie af te dwing.

[Uit <http://www.infoplease.com/encyclopedia/history/integration-to-1963.html>.
Toegang op 17 September 2014 verkry.]

BRON 3B

Hierdie foto toon 'n groep segregasioniste wat buite die Staatswetgewer in die hoofstad van Arkansas byeengekom het. Hulle was teen die toelating van swart Amerikaanse studente by Central High School in 1957 gekant.



[Uit <http://www.encyclopediaofarkansas.net/encyclopedia/media-detail.aspx?mediaID=7188>.
Toegang op 17 September 2014 verkry.]

BRON 3C

Die toespraak hieronder is op 24 September 1957 deur President Dwight Eisenhower aan Amerikaanse burgers gelewer. Dit beskryf in hooftrekke die situasie wat vroeër die dag by die Central High School in Little Rock plaasgevind het.

DIE WITHUIS

TEKS VAN DIE PRESIDENT VAN AMERIKA SE TOESPRAAK WAT OP DINSDAG 24 SEPTEMBER 1957 OM 21:00 UIT SY KANTOOR IN DIE WITHUIS GELEWER IS.

My landgenote:

Ek wil vir 'n paar minute met julle praat oor die ernstige situasie wat in Little Rock ontstaan het. Vir hierdie gesprek het ek na die President se kantoor in die Withuis gekom. Ek kon vanaf Rhode Island gepraat het, maar ek het gevoel dat om vanuit die huis van Lincoln, Jackson en Wilson te praat, my woorde my hartseer oor die gedwonge ingryping vandag, asook my vasberadenheid om hierdie gedragsweg te volg totdat die bevel van die federale hof in Little Rock sonder onwettige inmenging uitgevoer kan word, duideliker sou oordra.

In daardie stad, onder die leierskap van demagogiese (verkrampde) ekstremiste, het oproerige skares doelbewus die uitvoer van 'n federale hof se regverdige bevel voorkom. Plaaslike owerhede het nie daardie gewelddadige teenstand uitgewis nie en, volgens wet, het ek gister 'n proklamasie uitgevaardig waarin 'n beroep op die skare gedoen is om uitmekaar te gaan.

Vanoggend het die skare weer voor die Central High School in Little Rock bymekaar gekom, natuurlik met die doel om weer die uitvoering van die hofbevel oor die toelating van swart Amerikaanse kinders by die skool te voorkom.

Wanneer gewone agentskappe die taak ontoereikend uitvoer en dit vir die uitvoerende tak van die federale regering nodig word om sy mag en gesag te gebruik om federale howe te bekragtig, is die President se verantwoordelikheid onvermydelik.

In ooreenstemming met daardie verantwoordelikheid het ek vandag 'n uitvoerende bevel uitgevaardig wat die gebruik van troepe onder federale gesag gelas om die uitvoer van federale wetgewing in Little Rock, Arkansas, te ondersteun. Dit het nodig geword toe my proklamasie van gister nie nagekom is nie en die dwarsboming van die gereg steeds voortgaan.

[Uit http://www.eisenhower.archives.gov/research/online_documents/civil_rights_little_rock.html.

Toegang op 17 September 2014 verkry.]

BRON 3D

Die brief hieronder (met gebruik van die maatskappy se briefhoof) is deur Jackie Robinson ('n prominente bestuursbeampte van die Chock Full o' Nuts-korporasie) aan President Eisenhower geskryf. Hy het sy besorgdheid oor die desegregasie van skole in die Verenigde State van Amerika oorgedra. Jackie Robinson was 'n sterk voorstander van die erkenning van burgerregte vir alle swart Amerikaners. Die bron is oorgetik om dit duideliker te maak.

Chock full o' nuts

LEXINGTONLAAN 425

New York 17, NY

13 Mei 1958

Die President
Die Withuis
Washington, DC

Geagte mnr. die President:

Ek het gister in die gehoor gesit by die spitsberaad van swart Amerikaner-leiers toe jy gesê het ons moet geduldig wees. Toe ek jou dit hoor sê, wou ek opstaan en sê, 'O nee! Nie alweer nie.'

Meneer, ek wil jou beleefd daaraan herinner dat ons die geduldigste van alle mense was. Toe u gesê het ons moet selfrespek hê, het ek gewonder hoe ons kan selfrespek hê en geduldig bly as die behandeling wat ons deur die jare gekry het, in ag geneem word.

Sewentien miljoen swart Amerikaners kan nie doen wat u voorstel en wag vir mense se harte om te verander nie. Ons wil nou die regte geniet waarop ons voel ons as Amerikaners geregtig is. Ons kan dit nie doen as ons nie die aggressiewe doelwitte wat ander Amerikaners meer as 150 jaar gelede bereik het, nastreef nie.

As die hoof uitvoerende beampte van ons nasie stel ek eerbiedig voor dat u onwetend (onskuldig) die gees van vryheid in swart Amerikaners vernietig deur aanhoudend aan te dring op verdraagsaamheid (geduld) en hoop gee aan daardie prosegregasieleiers (wat segregasie voorstaan) soos Goewerneur Faubus wat selfs die vryhede wat ons nou geniet, sou wou wegneem. U eie ondervinding met Goewerneur Faubus is genoeg bewys dat verdraagsaamheid en uiteindelijke integrasie die doelwit van die prosegregasieleiers is.

[Uit http://www.eisenhower.archives.gov/research/online_documents/civil_rights_little_rock.html.

Toegang op 17 September 2014 verkry.]

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Gleijeses, P. 1999. *Conflicting Missions – Havana, Washington* (Galago Publishing, Alberton)

<http://history.state.gov/milestones/1969-1976/angola>

http://www.cartoons.ac.uk/browse/cartoon_item/anytext=illingworth%20-%20stalin?page=104

http://www.eisenhower.archives.gov/research/online_documents/civil_rights_little_rock.html

<http://www.encyclopediaofarkansas.net/encyclopedia/media-detail.aspx?mediaID=7188>

<http://www.infoplease.com/encyclopedia/history/integration-to-1963.html>

<http://www.marxist.org/history/erol/ncm-3/iwk-angola.htm>

Levering, R (et al.). 2001. *Debating the Origins of the Cold War. American and Russian Perspectives* (Rowmann and Littlefield, New York)

Mazrui, A (Ed.). 1999. *General History of Africa, Vol. VIII: Africa since 1935* (New Africa Books, South Africa)

McCauley, M. 1983. *The Origins of the Cold War* (Longman, Harlow)